## SPEELGOEDKIS… - PRAATPAPIER

***Vooraf wenke:***

- *Sit in 'n kring of rondom 'n tafel*
- *Hou dit gemaklik en eenvoudig*

**KOM SAAM**

✓ Wat is jou heel eerste herinnering van NG Buffeljagsrivier? Hoekom is jy hier/steeds hier?
✓ Wat is iets waarmee jy vandag stoei en waarmee jy hulp nodig het by die Here?

**LEES SAAM -** Teksgedeelte Genesis 18:1 - 15.

- Lees die gedeelte. Wat tref jou? Watter emosies bring die gedeelte in jou op? Watter vrae?
- Kyk ook die snit Speelgoedkis op DVD (as hy beskikbaar is). Wat sien jy raak? Wat tref jou?

**PRAAT SAAM**

- Waarmee het Abraham en Sara gestoei? Het hulle op 'n manier al "vrede" gemaak daarmee? (Om te sien hoe groot die stoei was lees ook Genesis 15:1 – 5; Genesis 16:1 – 2&Genesis 17:1 – 6)

***Daardie belofte wat God aan Abraham gemaak het was regtig iets waaraan Abraham en Sara vasgehou het en tog het dit nog nie gebeur op hierdie oomblik in Abraham se verhaal nie. Mens kan sê dit was soos 'n speelding wat in die speelgoedkis gebêre is – dit is daar, hulle weet dit, maar hulle was nou oud en moeg en het al so bietjie vergeet daarvan.***

- Is daar ook so "belofte", "teken", "droom" in jou speelgoedkis wat jy al vergeet het – iets waaraan jy altyd vasgehou het, wat die lewe as't ware die moeite werd gemaak het, maar jy't dit "weggebrêre","vergeet" of "verloor"?
- Hoe het Abraham weer die "ou" belofte ontdek?

***Deur gasvry te wees teenoor 3 vreemde manne. Kyk hoe gaan hy uit sy pad om die 3 manne welkom te laat voel. Hy doen regtig moeite& dit op 'n tyd van die dag waar die meeste "ou" mense eintlik 'n slapie wil vat!***

- Doen jy nog moeite met mense? Jou vriende? Ouer/s? Kinders? Wat van ander mense? Laat jy soms "ander" mense naby aan jou "tent" of "speelgoedkis" toe?
- Ons fokus baiekeer op die feit dat Abraham so gasvry was en dit is so – hy is 'n voorbeeld, maar lees weer vers 1. Wie is die een wat EERSTE genoem word en "iets" DOEN?

***Dit is die HERE wat VERSKYN/ONTMOET! Hy kom verskyn as drie "manne", maar Abraham besef ook in sy gesels en omgaan met die manne dat God daar by hulle is. Die bome by Mamre raak soos die put van laasweek 'n "Coffee Shop"! Ons het laasweek gesels oor ontmoetings met God en mekaar en dat sulke oomblikke belangrik is.***

***Laasweek het jy dalk gesit en dink – HOEKOM so praat oor plekke en ruimtes – oor COFFEE SHOPS? Vandag net soos laasweek sien ons hoe God in ONTMOETINGS VERSKYN en ONGELOOFLIKE dinge laat gebeur!***

***Hy breek ons mure en maak oë baiekeer deur ander mense oop om Hom raak te sien en die "speelgoed" in ons "speelgoedkis" – daardie gawes, talente, geskenke, dromes en beloftes waarvan ons al vergeet het WEER te ontdek!***

- Wanneer Sara die boodskap hoor, lag sy. Wat dink julle daarvan? Wat van die "speelgoed" in jou "speelgoedkis" – hou jy nog vas daaraan of lag jy ook?

**Interessant is dat die naam Izak baie nou verbind is met die woord "lag". (Genesis 21:1 – 7)**

- Is daar mense wat jou ook soos die seuntjie in die video help om weer die ou beloftes, woorde, drome, verse, "speelgoed" wat die Here aan JOU gegee het te onthou en te ontdek?

**BID SAAM:**

- ❖ Bid dat die Here julle as groep/kring/familie/gesin sal **ONTMOET** en **GEBRUIK** om dit waarmee jy/julle/ander stoei te help.

**LEEF SAAM**

In 2017 het die fliek "The Greatest Showman" uitgekom. Daar is 'n oomblik aan die einde van die fliek waar die eienaar van die sirkus amper alles verloor en wanneer hy op moedverloor se vlakte is, is dit juis sy "FREAKS" - hierdie VREEMDE mense wat nêrens ingepas het en deur ander aanvaar is nie –wat hy ingenooi het en deel van sy lewe gemaak het wat hom help om weer die "skatte in sy speelgoedkis" raak te sien en daarop te focus, WANT DIS DEUR VRIENDELIK TE

WEES MET 'N VREEMDE WAT JYSELF 'N STUKKIE VAN JESUS SE LIEFDE EN VREUGDE BELEEF! Dit is DAN wat ons soos Abraham en Sara ook ontdek NIKS IS VIR GOD ONMOONTLIK NIE